

Opgehoop? of Op-gehoop? 30 Mei'10



Skryf jou storie van hoe God al in jou lewe vir jou Hoop gegee het hier neer:

Kom ons kyk na 'n paar vrae oor jou storie en die storie van jou kategeet:

Wie is belangrike mense wat 'n rol gespeel het in jou storie van hoop?

Wat het hierdie mens(e) jou van God geleer?

Wat het jy geleer uit jou kategeet se storie van hoop?

Wat het jou verbaas in jou of jou kategeet se storie?

Hoe kan jy aan ander mense die hoop wat God bring oordra?

Wat het Miga 4 jou geleer oor hoop?

Instruksies aan die kategeet:

Voordat die klas se werkkaarte aan hulle uitgedeel word, deel met hulle 'n verhaal uit jou eie lewe van hoop. 'n Verhaal waar jy dalk in moeilike omstandighede was of voor 'n moeilike besluit gestaan het en hoe jy ervaar het dat God vir jou hoop of uitkoms gebied het. Lê veral ook klem op die persone wat betrokke is in hierdie verhaal en noem hoe die Here daardie persone gebruik het om aan jou hoop te gee en wat jy van God geleer het deur hierdie aksies van hulle.

Hierna kan die kinders die geleentheid kry om hulle eie verhale op die papier neer te skryf. Gee aan die wat wil deel 'n kans om hulle verhale kortliks te deel en dan van die insigte uit hulle beantwoorde vrae met die groep te deel.

'n Belangrike uitkoms is dat God ander mense gebruik in ons lewens en ons gebruik in die mense om ons sê lewens. Ook dat God altyd teenwoordig is en al draai omstandighede nie noodwendig gunstig nie steeds aan ons die hoop gee om voort te gaan.

Agtergrond van Miga 4:

INDELING

4:1-8 Sekerheid oor die komende vernietiging

- 1-5 Belofte: Jerusalem sal herstel word na die vernietiging
- 6-7 Israel sal weer verenig (versamel) word
- 8 Die krag en die eer van Jerusalem sal herstel wees.

4:9 Inleiding

- 9a Indirekte beskuldigings dmv vrae
- 9b Paniek beskryf

10 Uitspraak

- 10a Sterk aanbeveling: Gaan in kraam en bring voort
- 10b,c Rede: Die HERE sal help wanneer julle verstrooi is

11-13 Bevestiging

- 11-13 Die Sionstradisie verseker oorwinning

VORM VAN MIGA SE PREEK

Miga het in 3:1-12 die redes en die vorm van die komende ramp beskryf. Nou onderstreep hy die onvermydelikheid daarvan. Miga se gehoor wil nie glo of erken dat onheil op pad is nie. Met hierdie gedeelte bewys hy dat dit moontlik is dat Sion vernietig kan word. Maar dat na die vernietiging en ballingskap hulle weer versoen sal wees met God.